*Journal of Industrial Psychology, 1997, 23(2), 1-5*
*Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1997, 23(2), 1-5*

# DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSBESLUITLOOSHEID, VREES VIR GEBONDENHEID EN BEROEPSIDENTITEIT

L J GOOSEN
H J BRAND*

*Eenheid vir Voorligtingsielkunde*
*Universiteit van Stellenbosch*

## ABSTRACT

**The relationship between career indecisiveness, fear for commitment and vocational identity.** This study examined the correlation between the constructs career indecision, fear of commitment and vocational identity. Ninety-eight under-graduate university students served as research participants and completed the Career Decision Scale (CDS), the Vocational Identity Scale (VIS) and the Fear of Commitment Questionnaire (FOCQ). The results indicated that the scores on the CDS were significantly related ($p \leq 0{,}05$) to the scores on the VIS and the FOCQ. Support was obtained for the important role of the construct of identity in the explanation of career indecisiveness.

## OPSOMMING

In die onderhawige studie is die aard van die verband tussen die konstrukte beroepsbesluitloosheid, vrees vir gebondenheid en beroepsidentiteit ondersoek. Ag-en-negentig voorgraadse universiteitstudente is by die studie betrek. Die ondersoekgroep het die Career Decision Scale (CDS), die Vocational Identity Scale (VIS) en die Fear of Commitment Questionnaire (FOCQ) voltooi. Die resultate het aangetoon dat daar beduidende verband ($p \leq 0{,}05$) tussen die verkreë totaaltellings op die CDS, die VIS en die FOCQ bestaan het. Die belangrike rol wat die konstruk identiteit in die verklaring van beroepsbesluitloosheid speel word deur die bevindings van die onderhawige studie ondersteun

Beroepsbesluitloosheid is 'n komplekse en multi-dimensionele konstruk (Chartrand & Robbins, 1990; Fuqua, Blum & Hartman, 1988; Fuqua & Hartman, 1983; Hartman, Fuqua & Jenkins, 1986; Salomone, 1982; Stead, Watson & Foxcroft, 1993; Winer, 1992). Crites (1969) definieer beroepsbesluitloosheid as "the inability of the individual to select, or commit himself to a particular course of action which will eventuate in his preparing for and entering a specific occupation" (p. 303).

Die aard van die verband tussen beroepsbesluitloosheid en verskeie konstrukte soos angs (Newman, Fuqua & Seaworth, 1989), lokus van kontrole (Hartman & Fuqua, 1983; Taylor, 1982), akademiese prestasie (Lunneborg, 1975); loopbaanvolwassenheid (Graef, Wells, Hyland & Muchinsky, 1985); beroepsidentiteit (Fuqua, Seaworth & Newman, 1987; Stead, 1988); selfwaarde (Munson, 1992; Walker & Baker, 1993) en kognitiewe style (Stead, et al., 1993) is reeds nagevors.

Verskeie navorsers (Lucas & Epperson, 1990; Stead et al., 1993) beklemtoon egter dat meer empiriese studies nodig is oor die onderlinge verwantskap tussen relevante konstrukte sodat meer duidelikheid oor wat beroepsbesluitloosheid werklik behels, verkry kan word. Dit kan daartoe bydra dat meer omvattende behandelings-intervensies geïmplementeer word.

Gedurende adolessensie beweeg individue as deel van die normale patroon van ontwikkeling deur 'n fase van beroepsonsekerheid (Serling & Betz, 1990). Die meeste adolessente beskik nie oor 'n voldoende mate van persoonlike en beroepsinligting ten einde realistiese beroepsbesluite te neem nie. Die beskikbaarstelling van professionele inligting oor hul belangstellings- en aanlegprofiele stel dikwels adolessente in staat om wel keuses uit te oefen, alhoewel 'n sekere persentasie steeds besluitloos bly. In sulke gevalle word na chroniese besluitloosheid verwys.

Vraelyste wat gebruik word in die assesseringsfase van beroepsvoorligting onderskei normaalweg nie tussen besluitonseker en chroniese besluitonseker gevalle nie (Osipow, Carney & Barak, 1976) en die vraag ontstaan of die tradisionele behandelingstrategieë wat by besluitonsekerheid van toepassing is voldoende ruimte laat vir die effektiewe hantering van chronies besluitonseker individue.

Vrees vir gebondenheid (Serling & Betz, 1990) is 'n wyer konsep as beroepsbesluitloosheid en verwys na die onvermoë om besluite te neem op grond van persepsies dat die gevolge van die besluite negatiewe uitkomste tot gevolg gaan hê. Die negatiewe uitkomste sluit die volgende in: geantisipeerde swak prestasie; verlies van opsies; seleksie van verkeerde opsies asook die persepsie dat betekenisvolle figure in die persoon se sielkundige omgewing nie die besluit sal goedkeur nie.

Die vraag ontstaan gevolglik wat die graad van verwantskap tussen die konsepte beroepsbesluitloosheid en vrees vir gebondenheid is. Die vermoede bestaan dat chroniese besluitonsekerheid wel elemente van vrees vir gebondenheid insluit, en oorkoepelend verband hou met beroepsidentiteit, lg. wat deur Holland, Godfredson en Power (1980) omskryf word as die duidelikheid of insig (Eng. clarity) wat 'n persoon ervaar in terme van sy beroepsdoelwitte, belangstellings en beroepswaardes.

## TEORETIESE BEGRONDING

Beroepsbesluitloosheid word volgens Tinsley (1992) as 'n ateoretiese konstruk beskou. Hierdie gebrek aan 'n logiese teoretiese begronding aangaande die aard van beroepsbesluitloosheid word as 'n betekenisvolle probleem ervaar (Tinsley, 1992). Verskeie skrywers (Downing & Dowd, 1988; Galinsky & Fast, 1966; Hartman & Fuqua, 1983; Holland et al., 1980; Tiedeman & O'Hara, 1963) maak gebruik van Erikson se konsepte "ego identiteit" en "identiteitskrisis" om die besluitlose persoon se onvermoë om realistiese besluite te neem te verklaar (Salomone, 1982).

Ten spyte van die feit dat die teorie van Tiedeman en O'Hara (1963) reeds ouer as 30 jaar is bied dit 'n toeretiese raamwerk waarbinne die konstruk beroepsbesluitloosheid, veral in terme van die besluitnemingsproses, verklaar kan word (Gordon, 1981). Tiedeman en O'Hara (1963) maak gebruik van Super se selfkonsepmodel (1953), maar ook van Erikson (1959) se teorie waarin die belangrikheid van identiteitsontwikkeling in beroepskeuse beklemtoon word.

*Versoeke vir afdrukke moet gerig word aan H J Brand by die Eenheid vir Voorligtingsielkunde, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Stellenbosch 7600.*

Loopbaanontwikkeling word deur Tiedeman en O'Hara (1963) gedefinieer as 'n proses waartydens beroepsidentiteite by 'n persoon gevestig word deur middel van differensiasie en integrasie soos wat situasies en probleme (met betrekking tot beroepskeuse) gekonfronteer word. Die proses van besluitneming word in 'n "antisipasie fase" en 'n "implementeringsfase" verdeel. Dit is 'n proses wat progressief ontwikkel vanaf 'n bewuswording om 'n besluit te neem tot en met die verbinding aan 'n beroep en die werklike implementering van die keuse (Tinsley, 1992).

## NAVORSINGSOORSIG

Verskeie navorsers (Fuqua et al., 1989; Graef et al., 1985; Stead, 1988) het die Career Decision Scale (CDS) en die Vocational Identity Scale (VIS) gebruik om die verband tussen die konstrukte beroepsbesluitloosheid en beroepsidentiteit te bepaal.

Graef et al. (1985) het gebruik gemaak van 'n omgekeerde nasienprosedure by die CDS en 'n beduidende positiewe verband tussen die mate van beroepsbesluitloosheid en die kwaliteit van beroepsidentiteit vir beide voorgraadse mans ($r = 0{,}63$; $p \leq 0{,}0001$) en dames ($r = 0{,}67$; $p \leq 0{,}0001$) bevind. Dieselfde nasienprosedures vir die CDS is deur Fuqua et al. (1987) toegepas om die verband tussen beroepsbesluitloosheid en angs te ondersoek. 'n Beduidende positiewe verband ($r = 0{,}85$; $p \leq 0{,}05$) is onder andere tussen beroepsidentiteit en beroepsbesluitloosheid bevind. Stead (1988) het beroepsbesluitneming by hoërskoolleerlinge ondersoek. 'n Beduidende negatiewe verband ($r = -0{,}66$; $p \leq 0{,}0001$) is tussen beroepsbesluitloosheid en beroepsidentiteit by standerd tien leerlinge bevind. (Stead het van die voorgeskrewe CDS-nasienprosedure gebruik gemaak, vandaar die negatiewe korrelasiekoëffisiënt.)

Weyhing et al. (1984) het die vlak van voorgraadse studente se psigososiale ontwikkeling in verband gebring met die mate van beroepsbesluitloosheid soos dit by die studente voorgekom het. 'n Beduidend negatiewe verband ($r = -0{,}402$; $p \leq 0{,}01$) tussen ego-identiteit (soos gemeet deur die Dignan Ego Identity Scale) en beroepsbesluitloosheid is bevind.

Relatief min navorsingsbevindings wat fokus op vrees vir gebondenheid as 'n veranderlike in die proses van beroepsbesluitneming is beskikbaar. Serling en Betz (1990) het die Fear of Commitment Questionnaire (FOCQ) ontwikkel om vrees vir gebondenheid te meet. Hulle het bevind dat besluitlose studente deurgaans hoër tellings op die FOCQ behaal het as besluitseker studente. Hierdie bevinding moet egter met versigtigheid geïnterpreteer word aangesien die onderskeid tussen beroepsekerheid en beroepsonsekerheid afgelei is op grond van 'n enkele vraag, en omdat die resultate nie empiries geverifieer is nie.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks het Botha (1993) in 'n ondersoek oor die rol wat selfkonsep en identiteitsvorming in beroepskeuse speel, 'n beduidende verband ($r = 0{,}51$; $p \leq 0{,}05$) tussen vrees vir gebondenheid en die neem van 'n realistiese beroepskeuse by standerd nege skoliere gevind.

In verwante studies het Grotevant en Thorbecke (1982) 'n betekenisvolle verband gevind tussen beroepsidentiteit (soos gemeet deur 'n vroeë weergawe van die VIS) en beroepsgebondenheid. 'n Beduidende positiewe verband vir hoërskoolseuns ($r = 0{,}49$; $p \leq 0{,}001$) en vir hoërskoolmeisies ($r = 0{,}42$; $p \leq 0{,}01$) is gerapporteer.

Taylor (1982) het die onderlinge verband tussen die konstrukte vrees vir sukses ('n komponent van vrees vir gebondenheid), lokus van kontrole en beroepsbesluitloosheid ondersoek. Die resultate van die ondersoek het onder andere aangetoon dat beroepsbesluitlose studente beduidend hoër tellings ($\bar{X} = 108{,}3$) op vrees vir sukses as beroepseker studente ($\bar{X} = 104{,}8$) behaal het. Die verskil ($t(199) = -1{,}91$) was beduidend op die 5%-peil.

Teoreties gesproke blyk daar voldoende bewyse te bestaan ten einde die aanname te maak dat die konstrukte beroepsbesluitloosheid, beroepsidentiteit en vrees vir gebondenheid onderling positief behoort te korreleer. Geen studie kon opgespoor word wat genoemde drie konstrukte empiries onderling in verband gebring het nie. Binne die Suid-Afrikaanse konteks bestaan daar dus 'n leemte in terme van empiriese navorsing oor konstrukte wat aan beroepsbesluitloosheid verwant is. Slegs in twee Suid-Afrikaanse studies (Stead, 1988; Stead et al., 1993) is aanverwante konstrukte met beroepsbesluitloosheid gekorreleer.

## DOELSTELLING

Die primêre doelstelling van hierdie studie was gevolglik om die aard van beroepsbesluitloosheid te ondersoek deur die onderlinge verband tussen beroepsbesluitloosheid, beroepsidentiteit en vrees vir gebondenheid te bepaal. Benewens genoemde doelstelling is spesifieke biografiese veranderlikes soos geslag, herkoms, huistaal en skolastiese prestasie gebruik om die invloed daarvan op beroepsbesluitloosheid, vrees vir gebondenheid en beroepsidentiteit te kontroleer. Die volgende nulhipoteses is derhalwe geformuleer:

Ho (i): Daar bestaan geen onderlinge verband tussen die konstrukte beroepsbesluitloosheid, beroepsidentiteit en vrees vir gebondenheid nie.

Ho (ii): Biografiese faktore het geen invloed op die drie genoemde konstrukte nie.

## METODE

### Steekproefneming

Eerstejaar sielkunde studente is as subjekte by die ondersoek betrek ten einde die resultate van die huidige ondersoek in verband te bring met vorige navorsingsbevindings op hierdie terrein.

Die finale steekproef het uit 98 subjekte bestaan. Daar was 18 mans en 80 dames. Die gemiddelde ouderdom was 19,4 jaar (s.a. = 15,65 maande). Die laagste ouderdom was 17,4 jaar en die hoogste ouderdom was 25 jaar. Die subjekte was oorwegend Afrikaanssprekend ($n = 70$), 17 was Engelssprekend en 11 was tweetalig.

In terme van die loopbaanontwikkelingsteorie van Super (1980) het die subjekte almal reeds die beroepseksplorasie-stadium (15-24 jaar) betree. 'n Subfase van die eksplorasiestadium is die oorgangsfase (18-21 jaar) wanneer die individu verdere opleiding ontvang en sodoende uiting gee aan sy beroepsidentiteit. Omdat die gemiddelde ouderdom van die steekproef 19 jaar was kon met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat 'n normale verspreiding ten opsigte van beroepsidentiteit reeds by die steekproef aanwesig was.

### Vraelyste

Die Career Decision Scale (CDS), die Vocational Identity Scale (VIS) en die Fear of Commitment Questionnaire (FOCQ) is as meetinstrumente geselekteer ten einde die doelstellings te operasionaliseer. Alle vraelyste was in beide tale beskikbaar.

### Die Career Decision Scale (CDS)

Die hoofdoel met die CDS is om beroepsbesluitloosheid by universiteitstudente te meet (Osipow, Carney & Barak, 1976).

Die items van die CDS word beoordeel op 'n 4-punt Likert tipe skaal met respons-alternatiewe wat wissel van 1 ("Glad nie soos ek nie") tot 4 ("Presies soos ek").

Wat geldigheid betref is met behulp van die CDS suksesvol gediskrimineer tussen besluitonseker en besluitseker studente in verskeie Suid-Afrikaanse studies (Smith, 1982; Taylor, 1986; Stead, 1988; Stead et al., 1993). In verband met die betroubaarheid van die CDS het Oosthuizen (1991) 'n interne konsekwentheidskoëffisiënt van $r = 0{,}88$ by eerstejaar universiteit-

studente (N = 473) aan die Universiteit van Port Elizabeth bevind. Watson, Foxcroft en Stead (1991) het 'n interne konsekwentheidsbetroubaarheid van r = 0,85 in die geval van standerd nege en tien hoërskoolleerlinge (N = 312) in Port Elizabeth gerapporteer.

**Die Fear of Commitment Questionnaire (FOCQ)**
Die FOCQ bestaan uit 40 selfbeoordelende items. Response word op 'n 6-punt Likert-skaal aangedui wat wissel van 1 ("verskil grootliks") tot 6 ("stem grootliks saam").

Die interne konsekwentheidsontleding van die 40 items het 'n korrelasiekoëffisiënt van 0,92 opgelewer. Die stabiliteit van die vraelys was hoog (r = 0,91) asook dié van die toets-hertoets betroubaarheid (r = 0,93). Die korrelasiekoëffisiënt tussen die aanvanklike toepassing en die hertoepassing was gelyk aan 0,89.

**Die Vocational Identity Scale (VIS)**
Die hoofdoel met die VIS is om die mate van sekerheid van 'n persoon se beroepsdoelwitte en selfpersepsies ten opsigte van sy doelwitte, belangstellings, persoonlikheid en talente te meet (Holland et al., 1980). Beroepsidentiteit is ook verwant aan 'n afwesigheid van besluitnemingsprobleme en selfvertroue in die neem van besluite (Holland et al., 1980).

Die interne konsekwentheid vir hoërskoolleerlinge (r = 0,86) blyk aanvaarbaar te wees asook dié vir universiteitstudente (r = 0,88) (Holland et al., 1980).

**Die Biografiese Vraelys**
'n Vertroulike biografiese vraelys is deur die navorser self opgestel om die volgende addisionele inligting in verband met die ondersoekgroep te verkry: geslag, huistaal, ouderdom, herkoms, gemiddelde skolastiese prestasie in die matriek-eindeksamen, die belangrikste rede waarom die subjekte vir die gekose studierigting ingeskryf het, en die mate van sekerheid in verband met die gekose studierigting.

## PROSEDURE

Die toetsing van die subjekte het gedurende Mei 1995 plaasgevind onder leiding van die navorser. Die subjekte is gemotiveer deurdat hulle ingelig is dat hulle deelname sielkundiges aan universiteite in staat kan stel om beter beroepsvoorligting te doen veral omdat die navorsingsprojek handel oor faktore wat die neem van beroepskeuses kan beïnvloed.

## RESULTATE

Ten einde die aard van die verband tussen die konstrukte beroepsbesluitloosheid, beroepsidentiteit en vrees vir gebondenheid soos gemeet deur die CDS, die VIS en die FOCQ te bepaal, is die Pearson korrelasiekoëffisiënte tussen die totaaltellings bereken. Die resultate word in Tabel 1 weergegee.

**TABEL 1**
**BRAVAIS PEARSONKORRELASIEKOËFFISIËNTE TUSSEN DIE CDS, VIS EN FOCQ (N = 98)**

| | CDS | FOCQ |
|---|---|---|
| FOCQ | 0,410* | – |
| VIS | -0,742* | -0,447* |

*$p \leq 0,05$

Tabel 1 toon dat daar 'n beduidende negatiewe verband ($r = -0,742$; $p < 0,05$) tussen die tellings op die CDS en die VIS bestaan. Uit Tabel 1 blyk dit dat daar 'n beduidend positiewe verband ($r = 0,410$; $p < 0,05$) bestaan tussen die CDS en die FOCQ.

Daar bestaan 'n beduidend negatiewe verband ($r = -0,447$; $p < 0,05$) tussen die tellings op die FOCQ en die VIS (kyk Tabel 1).

Meervoudige variansieontledings is uitgevoer om die invloed van die spesifieke biografiese veranderlikes op onderskeidelik beroepsbesluitloosheid, beroepsidentiteit en vrees vir gebondenheid te bepaal. Die resultate van die ontledings word in onderskeidelik Tabelle 2, 3 en 4 opgesom.

**TABEL 2**
**MEERVOUDIGE VARIANSIEONTLEDING: CDS MET BETREKKING TOT BIOGRAFIESE VERANDERLIKES**

| Biografiese Veranderlikes | GV | Som van kwadrate | Kwadrate van gemid. | F | p |
|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | 1 | 55,17 | 55,17 | 0,73 | 0,397 |
| Taal | 3 | 96,15 | 32,05 | 0,42 | 0,738 |
| Herkoms | 1 | 2221,64 | 221,64 | 2,92 | 0,091 |
| Prestasie | 4 | 454,62 | 113,65 | 1,49 | 0,211 |
| Ouderdom | 1 | 38,54 | 38,54 | 0,51 | 0,478 |

Soos blyk uit Tabel 2 toon geen biografiese veranderlike 'n statistiese beduidende invloed op beroepsbesluitloosheid nie.

**TABEL 3**
**MEERVOUDIGE VARIANSIEONTLEDING: VIS MET BETREKKING TOT BIOGRAFIESE VERANDERLIKES**

| Biografiese Veranderlikes | GV | Som van kwadrate | Kwadrate van gemid. | F | p |
|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | 1 | 48,13 | 48,13 | 3,00 | 0,87 |
| Taal | 3 | 53,02 | 17,67 | 1,10 | 0,353 |
| Herkoms | 1 | 46,11 | 46,11 | 2,87 | 0,094 |
| Prestasie | 4 | 41,81 | 10,45 | 0,65 | 0,628 |
| Ouderdom | 1 | 1,56 | 1,56 | 0,10 | 0,756 |

In Tabel 3 word aangetoon dat geen biografiese veranderlikes 'n statisties beduidende invloed op beroepsidentiteit gehad het nie.

**TABEL 4**
**MEERVOUDIGE VARIANSIEONTLEDING: FOCQ MET BETREKKING TOT BIOGRAFIESE VERANDERLIKES**

| Biografiese Veranderlikes | GV | Som van kwadrate | Kwadrate van gemid. | F | p |
|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | 1 | 3024,4 | 3024,4 | 4,41 | 0,039* |
| Taal | 2 | 363,2 | 181,6 | 0,27 | 0,768 |
| Herkoms | 1 | 428,1 | 428,1 | 0,62 | 0,431 |
| Prestasie | 4 | 1815,2 | 453,8 | 0,66 | 0,620 |
| Ouderdom | 1 | 1346,5 | 1346,5 | 1,97 | 0,165 |

Op grond van die resultate van Tabel 4 is dit duidelik dat een biografiese veranderlike, naamlik geslag 'n beduidende invloed op vrees vir gebondenheid gehad het ($p < 0,05$). Vroulike subjekte het 'n beduidende hoër gemiddelde telling op die FOCQ behaal ($\bar{X} = 108,19$), as manlike subjekte ($\bar{X} = 92,63$). Die laaste vraag op die Biografiese Vraelys het gehandel oor die mate van sekerheid van die subjekte in terme van hul gekose studierigting. Die subjekte moes hul mate van sekerheid op 'n vierpuntskaal beoordeel wat gewissel het van (1) onseker tot (4) baie seker. Hierdie vraag is beantwoord voor die CDS voltooi is met die doel om die verband tussen selfverklaarde sekerheid en die totaaltellings op die CDS te bepaal. 'n Negatiewe verband ($r = -0,546$; $p \leq 0,05$) tussen selfverklaarde mate van sekerheid en beroepsbesluitloosheid is verkry.

## BESPREKING VAN RESULTATE

Die hoofdoelstelling van die onderhawige studie was om die aard van die verband tussen beroepsidentiteit, vrees vir gebondenheid en beroepsbesluitloosheid te ondersoek. Die bevinding (Tabel 1) was dat daar beduidende verband onderling tussen die drie konstrukte bestaan ($p \leq 0,05$). Nulhipotese een word gevolglik verwerp. Die rasionaal van Tiedeman en O'Hara (1963) se model naamlik die beroepsbesluitneming-strategiee

ontwikkel namate ego-identiteite ontwikkel (Stead, 1988) wat weer verband hou met hoër vlakke van gebondenheid word deur hierdie resultate ondersteun (Grotevant & Thorbecke, 1982). Blustein, Devenis en Kidney (1989) se bevinding dat eksplorasie van bindingsprosesse in identiteitsvorming en loopbaanontwikkeling noue teoretiese en empiriese verbande toon, word ook ondersteun.

Die bevinding dat 'n beduidend negatiewe verband tussen beroepsbesluitloosheid en beroepsidentiteit ($p \leq 0{,}05$) by 'n groep universiteitstudente bestaan, word ondersteun deur vorige navorsingsresultate (Fuqua et al., 1987; Graef et al., 1985). Die resultate van die onderhawige studie stem ooreen met die werk van Conneran en Hartman (1993); Holland en Holland (1977); Slaney (1988) en Tiedeman en O'Hara (1963) wat 'n beduidende verband tussen beroepsbesluitloosheid en laer vlakke van identiteitsontwikkeling bevind het. Die bevinding kan moontlik verklaar word vanuit Galinsky en Fast (1966) se opmerking dat "one of the most clear cut avenues through which identity concerns are expressed is the process of making a vocational choice" (p. 89) asook vanuit Constantinople (aangehaal in Weyhing et al. 1984) se aanname dat identiteitsverwarring geassosieer word met beroepsbesluitloosheid aangesien 'n volwasse beroepskeuse deur 'n persoon 'n goed gedefinieerde selfkonsep en identiteit vereis.

Die bevinding dat 'n beduidend positiewe verband ($p \leq 0{,}05$) tussen beroepsbesluitloosheid en vrees vir gebondenheid bestaan sluit aan by die studie van Serling en Betz (1990) wat die aanname maak dat vrees vir gebondenheid 'n belangrike sielkundige veranderlike is wat beroepsbesluitloosheid kan onderhou en dus die loopbaanontwikkelingsproses vertraag. Op grond van 'n studie wat die verband tussen persoonlikheidseienskappe en beroepsbesluitloosheid ondersoek maak Tango en Dziuban (1984) die afleiding dat besluitloosheid en vrees vir gebondenheid verwant is. Hierdie afleiding word bevestig deur die bevindinge van die onderhawige studie.

Die beduidend negatiewe verband ($p \leq 0{,}05$) tussen beroepsidentiteit en vrees vir gebondenheid (Tabel 1) bied ondersteuning vir die aannames wat op grond van teorieë en vorige navorsingsresultate gevorm is. Die afleidings van Bordin (1984) en Savickas (1985) dat identiteit 'n belangrike aanduider van die vlak van beroepsgebondenheid is, sowel as Bester (1992) se opmerking dat 'n persoon hom nie aan 'n beroep kan verbind voor hy nie weet wie hy is nie, bied 'n moontlike verklaring vir die resultate. Kilpatrick (aangehaal in Bester, 1992) se opmerking is ook hier ter sprake, naamlik "identity is experienced in the commitment, not in the potential" (p. 14).

'n Verdere doelstelling van die onderhawige studie was om die invloed van verskeie biografiese veranderlikes op beroepsbesluitloosheid, vrees vir gebondenheid en beroepsidentiteit na te gaan. Die bevinding dat geen beduidende verband tussen skolastiese prestasie en beroepsbesluitloosheid bestaan nie ondersteun die resultate van Baird (aangehaal in Stead, 1988), maar is teenstrydig met die resultate van Lunneborg (1975). Geen beduidende verband is gevind tussen herkoms en beroepsbesluitloosheid nie. Die versoek van Rojewski (1994) dus dat aandag geskenk moet word aan herkoms aangesien verskille tussen plattelandse en stedelike jeugdiges gedokumenteer is, word nie deur die resultate van die huidige ondersoek bevestig nie. Dit is egter noodsaaklik om te besef dat die huidige ondersoek Suid-Afrikaans van aard is en die steekproef nie gestratifiseer van aard was nie en dus nie noodwendig ooreenstemming met Amerikaans gedokumenteerde resultate hoef te toon nie. Die bevinding dat geen beduidende verband tussen huistaal en beroepsbesluitloosheid bestaan nie, verskil van die bevindings van Van Vuuren (1975) en Stead (1988). Van Vuuren (1975) het bevind dat Afrikaanssprekende studente minder besluitloos is as Engelssprekende studente. Stead (1988) het die teenoorgestelde bevind en verklaar dat teenstrydige bevindings op grond van Van Vuuren (1975) se gebruik van 'n enkele vraag om beroepsbesluitloosheid te bepaal.

Die bevinding dat geen beduidende verband tussen geslag en beroepsbesluitloosheid bestaan nie word in die literatuur ondersteun (Lunneborg, 1975; Stead, 1988; Van Vuuren, 1975). Die beduidende verband tussen geslag en vrees vir gebondenheid ($p \leq 0{,}05$) is 'n interessante bevinding wat verder nagevors behoort te word. Nulhipotese twee word derhalwe verwerp. Vroulike subjekte het beduidend meer vrees vir gebondenheid ($\bar{X} = 108{,}19$) getoon as manlike subjekte ($\bar{X} = 92{,}63$). Hierdie bevinding ondersteun die navorsingsresultate van Serling en Betz (1990) wat bevind het dat vroulike subjekte hoër tellings ($\bar{X} = 133{,}2$) as manlike subjekte ($\bar{X} = 123{,}7$) op die FOCQ behaal het. Hierdie bevindings kan moontlik verklaar word vanuit die konstruk vrees vir sukses (Fitzgerald & Crites, 1980; Taylor, 1986) wat een aspek van vrees vir gebondenheid is (Serling & Betz, 1990). Fitzgerald en Crites (1980) bevind dat sommige vroue 'n probleem ervaar in terme van beroepskeuse vanweë die vrees vir sukses wat afkomstig is van konflikterende gevoelens aangaande geïnternaliseerde, tradisionele rolle. Taylor (1986) het bevind dat vrees vir sukses bydraend is tot beroepsbesluitloosheid onder vroue.

Samevattend kan dus gesê word dat die resultate van die huidige studie grootliks ooreenstem met die standpunte wat vanuit die literatuur verkry is. 'n Belangrike bydrae van die onderhawige studie was die ondersteuning wat dit bied vir die konstruk vrees vir gebondenheid. Hierdie konstruk kan 'n belangrike bydrae lewer tot die bevordering van insig in beroepsbesluitloosheid en die belangrike rol wat identiteitvorming in die besluitnemingsproses speel.

Beroepsbesluitloosheid word deur verskeie skrywers (Grites, 1981; Krumboltz, 1992; Titley & Titley, 1980) as 'n natuurlike en gesonde aspek van die student se lewe gesien. Aan die anderkant kan dit ook 'n meer komplekse verskynsel wees wat 'n simptoom van 'n dieperliggende sielkundige probleem (soos byvoorbeeld 'n swak ontwikkelde identiteit) kan wees (Hartman & Fuqua, 1983). Hartman en Fuqua (1983) se beroep op sielkundiges om spesiale aandag te skenk aan individue wat chroniese beroepsbesluitloosheid ervaar en om te waak teen die geredelike aanvaarding van 'n student se onsekerheid kan dus nie ligtelik opgeneem word nie. Die gevaar bestaan dat indien slegs van beroepseksplorasietegnieke gebruik gemaak word om beroepsbesluitloosheid by 'n kliënt te hanteer, die aanwesigheid van 'n onderliggende globale identiteitsdiffuusheid totaal geïgnoreer kan word (Weyhing et al., 1984).

Dit is die taak en professionele verantwoordelikheid van die praktiserende sielkundige om bedag te wees op kliënte wat andersoortige hulp benodig as blote beroepseksplorasie.

## BRONNELYS

Bester, G. (1992). Identiteitsdiffuusheid: Omskrywing en opvoedkundige hulpverlening. *Journal of Technical and Vocational Behaviour, 133*, 10-14.

Blustein, D.L., Devenis, L.E. & Kidney, B.A. (1989). Relationship between identity formation process and career development. *Journal of Counseling Psychology, 36*(2), 196-202.

Bordin, E.S. (1984). Psychodynamic model of career choice and satisfaction. In D. Brown & L. Brooks (Eds.). *Career choice and development* (pp. 94-136). San Francisco: Jossey-Bass.

Botha, J.H. (1993). Die rol van selfkonsep en identiteit in beroepskeuse. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Chartrand, J.M. & Robbins, S.B. (1990). Using multidimensional career decision instruments to assess career decidedness and implementation. *Career Development Quarterly, 39*(2), 166-177.

Conneran, J.M. & Hartman, B.W. (1993). The concurrent validity of the self-directed search in identifying chronic career indecision among vocational education students. *Journal of Career Development, 19*, 197-208.

Crites, J.O. (1969). *Vocational psychology*. New York: McGraw-Hill.

Downing, K.R. & Dowd, E.T. (1988). Career indecision: A summary of the research and implications for counseling. *British Journal of Guidance and Counselling, 16*(2), 145-156.
Erikson, E.H. (1959). Identity and the life cycle. *Psychological Issues, 1,* 1-171.
Fitzgerald, L.F. & Crites, J.O. (1980). A career pyschology of women: What do we know? What do we need to know? *Journal of Counseling Psychology, 27,* 44-62.
Fuqua, D.R., Blum, C.R. & Hartman, B.W. (1988). Empirical support for the differential diagnosis of career indecision. *Career Development Quarterly, 36* 365-373.
Fuqua, D.R. & Hartman, B.W. (1983). Differential diagnoses and treatment of career indecision. *The Personnel and Guidance Journal, 62,* 27-29.
Fuqua, D.R., Seaworth, T.B. & Newman, J.L. (1987). The relationship of career indecision and anxiety. A multivariate examination. *Journal of Vocational Behaviour, 30,* 175-186.
Galinsky, M.D. & Fast, I. (1966). Vocational choice as a focus of the identity search. *Journal of Counseling Psychology, 13,* 89-92.
Gordon, V.N. (1981). The undecided student: A developmental perspective. *The Personnel and Guidance Journal, 59,* 433-439.
Graef, M.I., Wells, D.L., Hyland, A.M. & Muchinsky, P.M. (1985). Life history antecedents of vocational indecision. *Journal of Vocational Behaviour, 27,* 276-297.
Grites, T.J. (1981). Being "undecided" might be the best decision they could make. *The School Counselor, 29,* 41-46.
Grotevant, H.D. & Thorbecke, W.L. (1982). Sex differences in styles of occupational identity formation in late adolescence. *Developmental Psychology, 18,* 396-405.
Hartman, B.W. & Fuqua, D.R. (1982). The construct validity of the Career Decision Scale adapted for graduate students. *Vocational Guidance Quarterly, 31,* 69-77.
Hartman, B.W. & Fuqua, D.R. (1983). Career indecision from a multidimensional perspective: A reply to Grites. *The School Counselor, 30*(5), 340-346.
Holland, J.L., Gottfredson, D.C. & Power, P.G. (1980). Some diagnostic scales for research in decision making and personality: Identity, information and barriers. *Journal of Personality and Social Psychology, 39*(6), 1191-7200.
Holland, J.L & Holland, J.E. (1977). Vocational indecision: More evidence and speculation. *Journal of Counseling Psychology, 24,* 404-414.
Krumboltz, J.D. (1992). The wisdom of indecision. *Journal of Vocational Behaviour, 41,* 239-244.
Lucas, M.S. & Epperson, D.L. (1990). Types of vocational undecidedness: A replication refinement. *Journal of Counseling Psychology, 37*(4), 382-388.
Lunneborg, P.W. (1975). Interest differentiation in high school students and vocational indecision in college. *Journal of Vocational Behaviour, 7,* 297-303.
Munson, W.S. (1992). Self-esteem, vocational identity and career salience in high school students. *Career Development Quarterly, 40*(4), 361-368.
Newman, J.L., Fuqua, D.R. & Seaworth, T.B. (1989). The role of anxiety in career indecision: Implications for diagnosis and treatment. *The Career Development Quarterly, 37*(3), 201-230.
Oosthuizen, K. (1991). *A factor analytic study of the Career Decision Scale.* Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Port Elizabeth.
Osipow, S.H., Carney, C.G. & Barak, A. (1976). A scale of educational-vocational undecidedness: A typological approach. *Journal of Vocational Behaviour, 9,* 233-243.
Rojewski, J.W. (1994). Career indecision types for rural adolescents from disadvantaged and nondisadvantaged backgrounds. *Journal of Counseling Psychology, 41*(3), 356-363.
Salomone, P.R. (1982). Difficult cases in career counseling: II – The indecisive client. *The Personnel and Guidance Journal, 60,* 496-500.
Savickas, M.L. (1985). Identity in vocational development. *Journal of Vocational Behaviour, 27,* 329-337.
Serling, D.A. & Betz, N.E. (1990). Development and evaluation of a measure of fear of commitment. *Journal of Counseling Psychology, 37*(1), 91-97.
Slaney, R.B. (1988). The assessment of career decision making. In W.B. Walsh & S.H. Osipow (Eds.), *Career decision making* (pp 33-76). Hillsdale, N J: Erlbaum
Smith, D.M.J. (1982). *Microcounseling as an approach to facilitating vocational decision-taking.* Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
Stead, G.B. (1988). *Career decisional states and their correlates amongst white high school pupils.* Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Port Elizabeth.
Stead, G.B., Watson, M.B. & Foxcroft, C.D. (1993). The relation between career indecision and irrational beliefs among university students. *Journal of Vocational Behaviour, 42,* 155-169.
Super, D.E. (1980). A life-spaw, life-space approach to career development. *Journal of Vocational Behaviour, 16,* 282-298.
Tango, R.A. & Dziuban, C.D. (1984). The use of personality components in the interpretation of career indecision. *Journal of College Student Personnel, 25*(6), 509-512.
Taylor, K.M. (1982). An investigation of vocational indecision in college students: Correlates and moderators. *Journal of Vocational Behaviour, 21,* 318-329.
Taylor, S.C. (1986). *Towards a systematic reconseptualization of career indecision.* Ongepubliseerde meesterstesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
Tiedeman, D.V. & O'Hara, R.P. (1963). *Career development: Choice and adjustment.* New York: College Entrance Examination Board.
Tinsley, H.E.A. (1992). Career decisionmaking and career indecision. *Journal of Vocational Behaviour, 41,* 209-211.
Titley, R.W. & Titley, B.S. (1980). Initial choice of college major: Are only the "undecided" undecided? *Journal of College Student Personnel, 21,* 293-298.
Van Vuuren, D.P. (1975). *'n Psigodiagnostiese studie van 'n groep leerlinge met beroepskeuse probleme.* Pretoria: RGN.
Walker, M. & Baker, M. (1993). The relationship between sexrole orientation and vocational undecidedness: An exploratory study. *British Journal of Guidance and Counselling, 21*(3), 290-299.
Watson, M.B., Foxcroft, C.D. & Stead, G.B. (1991). Factor analysis of the career decision scale on South African high school students. *Psychological Report, 69,* 1083-1088.
Weyhing, R.S., Bartlett, W.E. & Howard, G.S. (1984). Career indecision and identity development. *Journal of Psychology and Christianity, 3*(1), 74-78.
Winer, J.L. (1992). The early history of the career decision scale. *Career Development Quarterly, 40,* 369-375.